KAIROS NETWERK
info@kairosnetwerk.net
kairosnetwerk.net

KAIROS NETWERK: PERSVERKLARING

12 Januarie 2023

'n Teologiese dosent van die NG Kerk by Stellenbosch Universiteit, dr. Peter Nagel, is onlangs aan drie klagtes van leerdwaling skuldig bevind. Hy aanvaar nie die Godheid van Jesus nie. In Rapport van 8 Jan. beweer hy dat die tugondersoek slegs bedoel was om behoudendes te paai. Hy sê die kerkmense het hom "teologies verkrag" want die artikel waarin hy die Godheid van Jesus ontken, "*Problematising the Divinity of Jesus: Why Jesus is Not θεός"* was al in 2018 openlik gepubliseer. Vir vyf jaar was die kuratorium sowel as die Ring dus tevrede met sy siening. Die dagbestuur van Wes-Kaapland se kuratorium het hierop geantwoord met 'n persverklaring in die Kerkbode. Kairos Netwerk wil kortliks reageer.

Ons is dankbaar dat daar na jare se klagtes uiteindelik besluit was om 'n tugondersoek te doen oor dr. Nagel se dwalinge. Wat die kuratorium se motivering vir hierdie ondersoek was, weet ons nie. Ons hoop en bid net dat dit die begin sal wees van 'n skoonmaak proses om ons predikante se opleiding weer op 'n Skriftuurlike teologiese basis te plaas.

Die kuratorium se verklaring bevestig egter 'n paar groter probleme:

1. Ons is oortuig dat beide die kuratorium en die Ring die erns van hierdie dwaling onderskat. As 'n dosent wat predikante moet oplei, openlik die Godheid van Jesus ontken, oortree hy nie maar net sy legitimasie eed nie, hy verwerp van die hart van die Evangelie en die geloof van al die Christelike kerke vir meer as tweeduisend jaar. Dit vra nie net 'n akademiese herformulering nie maar radikale bekering.
2. Ons is oortuig dat die tugmaatreël nie naastenby voldoen aan die doel van kerklike tug, naamlik die eer van God, die welsyn van die kerk en die redding van die sondaar, nie. Hoe sinneloos is dit om vir 'n dosent te sê jy mag nie meer Sondae preek nie, want jy verkondig dwaalleer, maar jy kan steeds elke dag van die week klas gee om die kerk se voornemende predikante op te lei? Dit hou geen rekening met die eer van God en die welsyn van die kerk nie.
3. Ons is oortuig dat die kuratorium steeds hul eie plig versuim deur te maak asof hulle niks verder kan doen nie aangesien die universiteit sy werkgewer is. KO Regl. 11 nr. 3.3.8 bepaal oor die **bevoegdheid van die kuratorium se ondersoekliggaam**:

   Die volgende dissiplinêre maatreëls kan deur die ondersoekliggaam opgelê word:

3.3.8.2 die opskorting vir 'n vasgestelde tydperk van die dosent se voorreg om teologiese studente van die NG Kerk op te lei; of

3.3.8.3 die beëindiging van die dosent se voorreg om teologiese studente van die NG Kerk op te lei ...

4. Die kuratorium erken nou amptelik dat Kairos Netwerk tog al die tyd reg was oor die ernstige leerdwaling by die teologiese fakulteit. Daar is dosente wat die kern belydenis van alle christelike kerke verwerp en steeds toegelaat word om ons toekomstige predikante te onderrig.

As die kuratorium met ongeldige verskonings hul plig versuim om toesig te hou oor ons teologiese opleiding, verbeur hulle hul bestaansreg in die kerk.



Anton Knoetze
Namens Kairos Netwerk bestuur